Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 93, Jaargang 2 | 13 November 2026 | www.pretoriafm.co.za



HOE GAAN DIE KAARTEHUIS LYK?

ActionSA: Zille is 'n probleem 02

Koalisies: Enigiets kan gebeur 02

Boer wil God loof ná aanval 03

SSA dryf Tatjana na Nederland 08

THERON'S

DIS BOEREWORS BONANZA TYD by DIE-WIP-IN-JOU-WORS MENSE

SPAAR JOU RANDE vir Vrydag 4 en Saterdag 5 Desember 2026!







R280.00 per 4kg THERON`S BEROEMDE BOEREWORS

Betaal slegs R70.00 per kg vir Theron's se BEROEMDE BOEREWORS! VARSVERVAARDIG, LOSVERPAK.
(Prys slegs geldig op 4kg verpakkings.) AANLYN BESTELLINGS oop vanaf 30 November tot 3 Desember 2026. (Sluit stiptelik om 12h00.)
185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes WHATSAPP +27760770437

ActionSA: Zille is ’n probleem

Redaksie

“Helen Zille is ’n probleem.” Dit is, volgens die nasionale voorsitter van ActionSA, Michael Beaumont, dié party se standpunt. Beaumont het met Nuusweek gepraat op die dag waarop hulle met die DA sou vergader en die ANC se nasionale uitvoerende komitee gesprek oor moontlike samewerking met ander partye sou voer. Beaumont sê Zille het nie ’n goeie rekord wat die handhawing van koalisieregerings betref nie en dat sy persoonlik aanspreeklik is vir die ineenstorting van vorige regerings in Gauteng.

Volgens Beaumont vind die gesprekke op ’n respekvolle wyse plaas en is daar nie vooropgestelde besluite wat sekere burgemeesterskandidate se aanstelling verhoed nie. Hulle sal wel graag wil hê dat Nasiphi Moya ’n verdere vyf jaar as die burgemeester van die Tshwane-metro dien.

Beaumont sê hulle het reeds ’n ooreenkoms met die Patriotic Alliance bereik om ’n koalisieregering in Laingsburg te vorm en hoop om ander partye ook by daardie regering te betrek. Hy hoop dat ActionSA die eerste party sal wees om, tydens die onderhandelingstydperk, ’n volhoubare regering daar te stel.

“Die publiek soek duidelikheid,” sê Beaumont oor die uitgerekte koalisiegesprekke. Hy reken partye moes lankal reeds ’n mandaat gegee het oor die wyse waarop die onderhandelinge behartig moet word. **N**



Michael Beaumont

Koalisies: Enige scenario is moontlik

Redaksie

“Ek wonder of die perd nie vir ActionSA gaan afgooi nie.”

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, sê hy reken die party oorskat hulle posisie in die koalisie-onderhandelings wat tans plaasvind.

“Hulle gaan van die standpunt uit dat ’n kleiner party belangriker is as ’n groter party.”

Duvenhage sê hy verneem die ANC se nasionale uitvoerende komitee voer tans gesprek oor die moontlikheid om ’n strategiese ooreenkoms met partye te sluit om regerings te vorm.

Volgens Duvenhage is daar ’n paar moontlike scenario’s. Dit sluit in dat die ANC die kern van ’n koalisie kan vorm en met linkse partye soos die EFF en die MK-party saamwerk. So ’n koalisie sal ActionSA insluit.

Nog ’n moontlikheid is dat die ANC en die DA kan saamwerk of dat die DA met ander partye, soos ActionSA, ’n koalisie kan vorm. Duvenhage sê die feit dat die onderhandelinge op nasionale vlak gevoer word, beteken dat die partye verskillende munisipaliteite op verskillende maniere kan benader en selfs toegewings kan beding. Dit kan beteken dat een party die leiding in byvoorbeeld Upington neem en ’n ander in Johannesburg.



Prof. André Duvenhage

Duvenhage sê die uitkoms gaan baie afhang van watter rigting ActionSA met die koalisie-onderhandelings insla.

“Hier is tans gesprekke aan die gang wat ons letterlik kan uitbring by enige scenario kan uitbring.” **N**



Slagoffer van plaasaanval wil God loof en prys

Seugnet van Zyl

Donovan Marx, wat twee weke gelede wreed op sy plaas in die Ventersdorp-omgewing aangeval is, wil uit dankbaarheid vir sy herstel God loof en prys.

Die slotwoord van Psalm 150, 'n loflied wat gelowiges oproep om God vir sy magtige dade en grootheid te prys, lê Marx veral na aan die hart.

"Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!" is die boodskap wat Marx en sy vrou, Louise, die week met die publiek wil deel.

Aanvallers het Marx (50), 'n beesboer, op 28 Oktober in die bolyf geskiet en hom daarna in die huis gesleep, sy hande met kabelbinders vasgemaak en hom na bewering met 'n mes in die been gesteek, sy ore afgesny en hom verder aangerand. Sy ore kon nie ná die aanval geheg word nie al het hy twee werkers, wat sy hulpkrete gehoor het, gevra om dit in 'n yskas te bêre.

Die vier verdagtes, wat verlede week op aanklagte van poging tot moord met verswarende omstandighede, roof met verswarende omstandighede, aanranding, die besit van ongelisensieerde vuurwapens, die onwettige besit van ammunisie en die rig van 'n vuurwapen in die Ventersdorp-landdroshof verskyn het, vra almal borgtog.

Marlene Steyn du Toit, regsverteenwoordiger en woordvoerder van die Marx-familie, sê in 'n verklaring wat Woensdag uitgereik is, dat Marx merkwaardige vordering toon.

"Hoewel sy herstelproses voortduur, is hy en die familie besonder dankbaar vir die positiewe ontwikkeling in sy gesondheidstoestand."

Steyn du Toit het ook 'n onlangse foto van Marx en Louise saam in die hospitaal gedeel om nie net sy fisieke herstel te wys nie, maar dit dien ook as 'n getuienis van geloof, hoop, gebed en die buitengewone ondersteuning wat hulle ontvang het.

Die egpaar skryf sy herstel in die eerste plek toe aan die genade en ingryping van hulle Hemelse Vader, asook die buitengewone toewyding van die mediese personeel wat hom versorg. Hulle betuig hul diepste waardering teenoor die dokters, verpleegpersoneel en ander gesondheidswerkers van die Mediclinic Potchefstroom.



Donovan Marx

'n Video van Marx waar hy met 'n kitaar in die hand sing, is kort nadat die verklaring uitgereik is op sosiale media gesirkuleer, byna asof om te wys hoe hy weer die Here met sang en musiek sal loof en prys sodra hy gesond is.

Marx sing "Al die lof en al die eer kom U toe" vir 'n groep bejaardes in die video.

Marx en Louise het die boeregemeenskap van Ventersdorp en omliggende gebiede weereens vir hulle ondersteuning bedank en hulle dank opnuut uitgespreek teenoor die lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat by die ondersoek onder die leiding van kapt. Bonita Dry betrokke is.

Hulle waardeer die ondersoekspan se vinnige reaksie, harde werk, deursettingsvermoë en toewyding sedert die aanval.

"Daar is eintlik nie genoeg woorde om ons dankbaarheid te beskryf nie. Ons het die afgelope twee weke liefde en ondersteuning beleef op 'n manier wat ons nooit sal vergeet nie. Ons glo dat die Here se hand deur hierdie hele pad oor ons was. Ons is ongelooflik dankbaar vir elke dokter, verpleegkundige, familielid, vriend en onbekende persoon wat vir ons gebid, ons ondersteun en ons gehelp het. Julle het ons geestelik en fisiek gedra. Julle het ons staande gehou. Ons is positief oor die toekoms en sien met geloof en verwagting uit daarna om te beleef hoe God se Naam deur alles wat gebeur het, verheerlik gaan word. Uit die diepte van ons harte: baie, baie dankie," lui hulle boodskap.

Ian Cameron, voorsitter van die portefeuljekomitee oor polisie, sê die goeie polisiewerk in hierdie saak verdien erkenning.

"Dis baie belangrik dat ons die polisie bly ondersteun met die werk wat hulle in hierdie saak doen." **N**

Wêreldwye dag teen plaasmoorde

Redaksie

AfriForum het 1 Desember tot 'n wêreldwye dag teen plaasmoorde verklaar. In 'n verklaring wat deur dié organisasie uitgereik is, sê AfriForum dat 1 Desember voortaan jaarliks daaraan gewy sal word om slagoffers van plaasmoorde en plaasaanvalle te herdenk, hul naasbestaandes te ondersteun en internasionale aandag op die voortgesette geweld teen landelike gemeenskappe in Suid-Afrika te vestig.

Jacques Broodryk, AfriForum se hoofwoordvoerder oor Gemeenskapsveiligheid, sê daar word deurlopend mense op plase in Suid-Afrika aangeval.

"Mense word beseer, gesinne word getraumatiseer en sommige slagoffers keer nooit weer terug huis toe nie omdat hulle vermoor word. Hierdie geweld mag nie bloot nóg 'n statistiek word nie. Agter elke plaasmoord is daar 'n mens, 'n gesin en 'n gemeenskap wat met die verwoestende gevolge daarvan moet saamleef."



Jacques Broodryk

Broodryk sê die datum is doelbewus gekies ter nagedagtenis aan die tweejarige Wilmien Potgieter, wat op 1 Desember 2010 saam met haar ouers, Attie en Wilna, op hul plaas in die Vrystaat vermoor is.

"Wilmien was maar net twee jaar oud. Haar lewe is wreed beëindig nog voordat dit behoorlik begin het. Haar dood – en dié van talle ander slagoffers van plaasmoorde – mag nooit vergeet of bloot tot statistiek gereduseer word nie. Hierdie dag gaan daaroor om hul name en lewens te onthou en om die werklikheid van plaasgeweld onder die aandag van Suid-Afrikaners én die internasionale gemeenskap te bring."

AfriForum doen 'n beroep op lede van die publiek om op 1 Desember 'n klein wit kruis op hul hemp of baadjie te dra, of 'n wit hemp aan te trek, as simbool van herinnering en solidariteit met slagoffers en hul naasbestaandes. AfriForum se takke landswyd sal stiptelik om 12:00 'n oomblik van stilte vir hulle hou. Die publiek en ondersteuners in ander lande word ook aangemoedig om op daardie tydstip 'n oomblik van stilte te hou of hul eie plaaslike herdenkingsgeleenthede te reël.

"Ons wil hê dat mense regoor Suid-Afrika – en ook elders in die wêreld – op 1 Desember saam met ons die slagoffers moet herdenk. Dit gaan oor elke lewe wat tydens 'n plaasmoord verloor is, elke persoon wat 'n plaasaanval oorleef het en elke familie wat steeds met die trauma en verlies saamleef. Ons vra mense om die wit kruis te dra en om 12:00 'n oomblik van stilte te hou. Dit is 'n eenvoudige gebaar, maar 'n gebaar wat 'n kragtige boodskap van herinnering en solidariteit oordra." **N**





Klag teen LP ná uitlatings oor plaasaanval

Redaksie

TLU SA se president, Henry Geldenhuys, het die afgelope week 'n strafregtelike klag teen Andile Mngxitama, 'n lid van die MK-party en parlementslid, by die SAPD se gemeenskapsdienssentrum in Sheepmoor indien. Die strafregtelike klag is op 6 November 2026 geformuleer en onderteken. Dit volg ná Mngxitama se uitlatings waarin hy hom positief uitgespreek het oor die plaasaanval op Donovan Marx, waartydens die slagoffer se ore afgesny is.

Mngxitama het na bewering gesê dat die afsny van boere se ore simbolies is van wit mense se weiering om te luister. Hy het ook na boere as gronddiewe verwys en gesê dat hy die aanval op Marx vier en nie om verskoning daarvoor sal vra nie.

TLU SA sê in 'n verklaring hulle beskou hierdie uitlatings as uiters ernstig en onaanvaarbaar, veral teen die agtergrond van die voortslepende geweldsmisdaad waaronder Suid-Afrikaanse boere gebuk gaan.

"TLU SA is 'n landbou-organisasie wat kommersiële boere verteenwoordig wat reeds onder aanhoudende gewelddadige misdaad ly. Om 'n wrede aanval op 'n boer openlik te vier en uitsprake te maak wat geweld teen 'n bepaalde groep mense regverdig, is onaanvaarbaar. Geen persoon, ongeag sy politieke posisie, behoort toegelaat te word om rassehaat aan te wakker of geweld en moord in Suid-Afrika aan te moedig nie."

Die strafregtelike klag is gebaseer op artikels 9 en 16 van die Grondwet van Suid-Afrika, wat onderskeidelik die reg op gelykheid en vryheid van uitdrukking beskerm.

TLU SA het ook op 5 November 2026 'n afsonderlike klag by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK) oor Mngxitama se uitlatings ingedien.

Geldenhuys sê hulle doen 'n beroep op die SAPD om die strafregtelike klag deeglik te ondersoek, die tersaaklike grondwetlike bepalings en ander toepaslike wetgewing in ag te neem en die nodige stappe te doen om Mngxitama vir sy uitlatings aanspreeklik te hou.



Henry Geldenhuys

"Vryheid van uitdrukking kan nie as verskoning gebruik word om geweld te verheerlik, rassehaat aan te wakker of die lyding van slagoffers van plaasaanvalle te bespot nie. Ons kan nie stilbly wanneer sulke uitlatings gemaak word nie. Die veiligheid en menswaardigheid van elke Suid-Afrikaner moet beskerm word."**N**



Tatjana swem vir ander Vaderland

Liezil van der Schyff

Suid-Afrika se mees bekroonde Olimpiese vroueswemmer, Tatjana Smith (née Schoenmaker), het aangekondig dat sy voortaan Nederland in die swembad sal verteenwoordig. Die viermalige Olimpiese medaljewenner het dié besluit vandeesweek in 'n videoboodskap op haar sosiale media bekend gemaak.

Die 29-jarige Smith, wat oor Suid-Afrikaanse en Nederlandse burgerskap beskik, sê dié besluit bied haar die geleentheid om 'n ander deel van haar identiteit en erfenis deur sport te ontdek, terwyl sy ook 'n meer volhoubare swemloopbaan kan opbou.

Smith het in 2021 tydens die Olimpiese Spele in Tokio en in 2024 in Parys altesaam vier medaljes verower – twee goud en twee silwer – in die 100 en 200 meter-borsslag. Sy is ook 'n voormalige wêreldrekordhouer in die 200 meter-borsslag en het vier Statebondspele-medaljes in haar uitstalkas. In 2023 het sy geskiedenis gemaak toe sy die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword het om 'n goue medalje by die Wêreldkampioenskap los te swem.

Nadat sy in 2024 uit die sport getree het, het sy in September vanjaar haar terugkeer aangekondig. Sy het verduidelik dat sy nie terugkeer om enigiets meer te bewys nie, maar omdat sy weer haar liefde vir swem ontdek het en wou vasstel waartoe sy nog in staat is.

Haar fokus is nou op die 50 meter-borsslag, wat vir die eerste keer by die Olimpiese Spele in Los Angeles in 2028 aangebied sal word. Sy het reeds in September aan die Suid-Afrikaanse Kortbadkampioenskap in Pietermaritzburg deelgeneem, waar sy die nasionale 50 meter-borsslag gewen en twee persoonlike beste tye aangeteken het.

Sy sou Suid-Afrika aanvanklik van 1 tot 6 Desember by die Wêreldkort-badkampioenskap in Beijing, China, verteenwoordig het, maar sal nou by dié byeenkoms haar Nederlandse debuut maak. Hoewel sy Nederland internasionaal sal verteenwoordig en aan hul oefenkampe sal deelneem, sal sy steeds in Suid-Afrika gebaseer wees en saam met haar huidige afrigtingspan oefen.



Tatjana Smith

Smith se besluit hou ook verband met die finansiële en praktiese uitdagings wat haar swemloopbaan moeilik volhoubaar gemaak het. Sy meen Nederland bied beter ondersteuning op hoëprestasievlak en 'n geleentheid om haar loopbaan op 'n meer volhoubare grondslag voort te sit.

Daar was die afgelope tyd spanning tussen Smith en Swem Suid-Afrika (SSA) oor die hantering van atlete se belange. In 2023 het die federasie aanvanklik geweier om haar prysgeld van vyf-en-dertig-duisend Amerikaanse dollar vir haar wêreldkampioenskapsoorwinning in Japan uit te betaal, omdat sy glo die verkeerde swemdrag tydens die kompetisie gebruik het. Die bedrag is eers meer as 'n jaar later betaal, terwyl die rente daarop eers ná regsoptrede uitbetaal is.

Smith het ook haar kommer uitgespreek oor die finansiële las wat op Suid-Afrikaanse swemmers geplaas word, met atlete wat soms self groot bedrae moet bydra om die land internasionaal te verteenwoordig. Swemmers wat gekwalifiseer het moet na bewering sowat R55 000 bydra om volgende maand aan die Wêreldkortbadkampioenskap in Beijing, deel te neem.

Sy beklemtoon egter dat sy nie met haar besluit Suid-Afrika vaarwel toeroep nie en dat sy altyd trots sal wees op die land waarvoor sy haar grootste sportdrome verwesenlik het.

Volgens Smith verdien Suid-Afrikaanse atlete 'n stelsel wat hulle die geleentheid bied om te floreer, eerder as om bloot te oorleef.

Sy sê haar besluit verander niks aan die trots wat sy gevoel het toe sy die Suid-Afrikaanse volkslied op die internasionale verhoog gesing het, of aan die prestasies wat sy saam met die land behaal het nie.

Intussen het dit aan die lig gekom dat nog 'n plaaslike Olimpiese swemmer, Matthew Sates, op die punt staan om 'n ander land te verteenwoordig. Dit kom te midde van berigte oor toenemende finansiële druk op atlete wat internasionaal wil meeding en met die oog op die 2028 Olimpiese Spele in Los Angeles. Die Australiese uitsaaier Mat Thompson het reeds in Junie vanjaar tydens die Australiese swemproewe onthul dat Sates Australiese burgerskap probeer bekom.

Sates het Suid-Afrika by die Olimpiese Spele in Tokio en Parys verteenwoordig. Hy is ook 'n voormalige wêreldkort-badkampioen nadat hy in 2022 die 200 meter- individuele wisselslag gewen het. Hy hou verskeie Suid-Afrikaanse kortbadrekords, onder meer in die 200 en 400 meter-vryslag en individuele wisselslag.

Sy laaste verskyning in die groen en goud was by die 2025 Wêreldwater-sportkampioenskap.

Volgens World Aquatics se regulasies is daar 'n wagtydperk van 12 maande vir swemmers wat hul sportnasionaliteit wil verander. Burgerskap, verblyf of gevestigde bande met die nuwe land en formele goedkeuring word ook vereis. **N**

Gemeenskappe moet self

Redaksie

AfriForum en die Solidariteit Beweging beoefen reeds jare lank federalisme en die oprigting van 'n Instituut vir Federalisme was dus 'n logiese volgende stap. Die uitvoerende hoof van AfriForum, Kallie Kriel, het tydens die bekendstelling van dié instituut die afgelope week by die AfriForum Teater gesê dat dr. Martin van Staden, wat voorheen die beleidshoof van die Vryemarkstigting was, die logiese keuse as die hoof van die nuwe instituut was.

"As jy suksesvol wil wees met jou doelwitte om 'n toekoms vir die nageslag te skep, gaan jy dit net met die regte mense regkry."

Kriel sê die noodsaak vir 'n Instituut vir Federalisme is vergroot deur die mislukking van sentralisme.

"Sentralisme misluk want jy ontplooi mense wat onbekwaam is omdat die enigste vereiste is dat hulle lojaal aan 'n bepaalde party moet wees. As dit in die polisie gebeur, kry jy wat ons tans by de Madlanga-kommissie sien."

Kriel sê diegene wat oor sentrale mag beskik, staan dit nie sommer af nie. AfriForum is egter nie van voorneme is om toestemming te vra om sekere take in gemeenskappe te setel nie.

"Selfdoen is deel van ons DNS. Elke gemeenskap moet die verantwoordelikheid neem om 'n toekoms vir hulle kinders in daardie gemeenskap te bou. Die beste buffer teen staatsverval is sterk selfstandige gemeenskappe."

Kriel sê vullisverwydering, die herstel van slaggate en soortgelyke take word toenemend self deur gemeenskappe verrig.

"As jy sê ons sal ons gemeenskappe self bestuur, dan moet ons ook self die werk kan doen."

Kriel sê die afwenteling van polisiëring is belangrik, maar dat dit selfs verder gevoer moet word deur gemeenskappe wat self omsien na hulle veiligheid en dat plaaslike veiligheidstrukture opgerig moet word.

Van Staden sê die ineenstorting van die staat beteken nie die ineenstorting van gemeenskappe nie.

Hy sê dit is positiewe ontwikkeling as gemeenskappe byvoorbeeld die water-voorsiening in hulle gemeenskappe oorneem. Hy sê die Suid-Afrikaanse bestel is reeds federaal en dat dit nie vergesog is vir gemeenskappe om sekere dienste oor te neem nie. **N**



Kallie Kriel en dr. Martin van Staden. (Foto: Reint Dykema)





Vredesamesprekings lewer min op

Seugnet van Zyl

Hernude vredesamesprekings wat die week tussen Rusland, Oekraïne en die VSA in Abu Dhabi hervat is om 'n einde aan die oorlog tussen Rusland en Oekraïne te probeer maak , het min vordering opgelewer.

Onderhandelings tussen dié drie lande het Dinsdag vir die eerste keer sedert Februarie hervat.

Rusland se grootskaalse inval in Oekraïne in Februarie 2022 word as die grootste oorlog sedert 1945 in Europa beskou. Vroeë pogings tot vredesonderhandelings in 2022 en 2023 het oor kernongelykhede misluk. Dit sluit in 'n ooreenkoms oor grondgebied, Oekraïne se behoefte om 'n lid van Navo te wees en veiligheidswaarborge.

In hierdie konteks het Amerika nou met die breedvoerigste plan vorendag gekom om die Rusland-Oekraïne-oorlog te beëindig. Die 28-puntplan is met groot betrokkenheid van die Withuis en volgens verskeie bronne in oorleg met sowel Oekraïnse as Russiese gespreksgenote opgestel. Dit word beskou as die belangrikste poging tot nog toe om 'n einde aan dié oorlog te maak.

Jaco Kleynhans, hoof van Internasionale Skakeling vir die Solidariteit Beweging, sê die enigste konkrete gevolg van twee dae se onderhandelinge in Abu Dhabi was 'n ooreenkoms om gevangenes uit te ruil.

"Teen volgende Februarie sal dit vyf jaar wees sedert die uitbreek van die oorlog. Dit is duidelik dat twee belangrike kwessies uitgesorteer moet word ten einde 'n vredesooreenkoms te bereik. Eerstens moet 'n ooreenkoms oor grondgebied bereik word. Rusland dring aan op permanente beheer van die Krim-skiereiland en die hele Donbas-streek wat Donetsk en Loehansk insluit. Vir Oekraïne is dit natuurlik onaanvaarbaar. Rusland beheer tans 90% van die Donbas en Vladimir Poetin, president van Rusland, is oortuig dat sy weermag mettertyd volle beheer oor die Donbas kan verkry. Daarom is hy nie baie gretig om nou tot enige ooreenkoms in te stem nie."



Kleynhans sê president Donald Trump wil graag 'n vredesooreenkoms voor Januarie opgestel hê.

"Hy is bang is dat die Demokrate, wanneer hulle in Januarie beheer oor die Kongres neem, dit vir hom moeiliker kan maak. Hy oorweeg dus om volgende week na China te reis om daar met Xi Jinping en Poetin te ontmoet om oor die oorlog in Oekraïne en die Iran-oorlog te praat. Tans lyk 'n ooreenkoms binne die afsienbare toekoms onwaarskynlik."

Kleynhans verduidelik dat Poetin daarvan oortuig is dat die Weste stelselmatig sy steun aan Oekraïne sal onttrek, soos wat die VSA reeds gedeeltelik gedoen het, en dat dit dan Rusland se pogings sal vergemaklik.

"Intussen lei Rusland egter ook reuseskade. Die land se begrotingstekort sal vanjaar dubbel wees wat aanvanklik verwag is, en inflasie en rentekoerse is hoog terwyl die lewenskoste geweldig gestyg het."

Volgens Kleynhans is daar orals arbeidstekorte, wat daartoe gelei het dat Rusland duisende huursoldate uit Noord-Korea en ander lande in Asië en Afrika moet gebruik om sy mag op die slagveld aan te vul.

"Intussen slaag Oekraïne ook daarin om meer en meer suksesvolle aanvalle op Russiese infrastruktuur uit te voer."

Kleynhans sê Oekraïne beskik eenvoudig nie oor genoeg kapasiteit om missiel- en hommeltuigaanvalle af te weer nie en al hoe meer burgerlikes sterf byna daagliks in Russiese lugaanvalle terwyl die land se infrastruktuur aanhou skade ly.

"Dít maak die situasie natuurlik nog meer benard. Daar heers intussen ook groot kommer by baie lande oor die gereelde insidente in die Swart See-gebied wat uitvoere van baie lande deur die Swart See bemoeilik." **N**



Weerdiens waarsku oor hittegolf

Marelize Maré

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens waarsku dat die hittegolf wat die afgelope paar dae oor minstens vier provinsies voorgekom het, sal net tot vandag voortduur.

Dit sluit Noordwes, die grootste deel van die Vrystaat, suidelike Gauteng en die noordoostelike dele van die Noord-Kaap in, waar temperature baie hoog sal wees.

Die weerdiens waarsku ook oor uiters hoë brandgevaar in dele van die Noord-Kaap, Noordwes, die Vrystaat, Wes-Kaap en Limpopo, asook sekere gebiede in die Oos-Kaap.

Die warm en droë toestande verhoog die risiko van veldbrande.

Inwoners word aangeraai om genoeg water te drink, langdurige blootstelling aan die son te vermy en versigtig te wees met oop vure.



GOODWE
Smart Energy Innovator

BOERE WEET: ELKE RAND MAAK 'N VERSKIL.

Met GoodWe se slim sonkrag- en energiebergingsoplossings kan jy jou plaas se afhanklikheid van duur elektrisiteit verminder en meer op jou eie energie staatmaak. Van besproeiing en pompe tot verkoeling en daaglikse bedrywighede – sonkrag kan jou help om langertermyn energiekoste te verlaag.

Kontak Plexus, 'n amptelike GoodWe-vennoot, en ontdek jou besparingspotensiaal.

PLEXUS
EMPOWERING INNOVATION

010 555 0000



Salarisverhogings vir openbare ampsdraers goedgekeur

Walter Ernst

President Cyril Ramaphosa het die salarisse van openbare ampsdraers in verskillende kategorieë met tussen 3,5% en 4% verhoog.

Die verhoging van 3,5% is van toepassing op lede van die nasionale uitvoerende gesag, lede van die Nasionale Vergadering en permanente afgevaardigdes na die Nasionale Raad van Provinsies.

Dit geld óók vir premiers, lede van provinsiale uitvoerende rade en lede van provinsiale wetgewende liggame. Regters van die Konstitusionele Hof, regters in ander howe asook landdroste kry 'n salarisverhoging van 4%.

Die salarisse van lede van die onafhanklike grondwetlike instellings sal ook met 4% styg.

Die woordvoerder van die presidensie, Vincent Magwenya, sê die besluit volg op aanbevelings deur die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsdraers.**N**

Nog net 'n week oor om vir die 1% Klub in te skryf



Pierre Breytenbach

Redaksie

Verfilming die 1% Klub is die afgelope paar weke volstoom aan die gang. Die reeks word aangebied deur Pierre Breytenbach en stel deelnemers se vermoë om probleemoplossing prakties toe te pas op die proef. Die vrae wat aan deelnemers gestel word, is gebaseer op 'n internasionale standaard wat vir oorsese weergawes van die program gebruik word. Die Britse weergawe is oorspronklik op die BBC uitgesaai en Indië, Frankryk en Duitsland se eie weergawes het ook intussen die lig gesien.

Elke program begin met 100 deelnemers. Met elke rondte word die vrae moeiliker en die deelnemers minder tot daar uiteindelik net een oor is. Lede van die publiek wat vir die program wil inskryf, kan hierdie skakel gebruik. https://shortaudition.net/1persent-klub?origin=PRETORIAFM

Hier is 'n paar interessante syfers oor die program:

- 2 600 deelnemers sal aan die 26 episodes deelneem
- 80 personeellede is elke dag op stel tydens die verfilming
- 100 profielligte word gebruik om elke deelnemer individueel te verlig
- 2 kilometer se kragkabels word gebruik
- 125 vierkante meter se skerms word ingespan
- 100 mikrofone word permanent aangebring vir die deelnemers
- 12 ton toerusting is in die dak gemonteer
- 850 meter se LED-ligte is aangebring
- 75 ton se steierwerk kom op die stel voor
- 300 liter swart verf is gebruik **N**



Pretoria FM

25% afslag

op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za



Nuusweek
Regskennisgewings
Bepalings en voorwaardes geld.



Lesers se beurt



Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Lesers lewer steeds kommentaar oor die afgelope verkiesing. Een berig wat hulle na hul sleutelborde laat gryp het, was 'n uitlating van die nasionale voorsitter van ActionSA, Michael Beaumont, wat gesê het dat die DA se burgemeesterskandidaat vir die Tshwane-metro, Cilliers Brink, as burgemeester gefaal het en dat hulle nie sommer falende burgemeesters weer aan die stuur van die stad plaas nie. Hier is wat lesers te sê gehad het:

Johan Ogies Botha

Action SA moenie vergeet daar is ander partye nie.

Dewald Jordaan

Michael sal nog so raas... totdat juffrou Zille in die klas stap. Dan is hy tjoepstil.

Adele Post

Dis hartseer dat, al wen die DA, dit nie beteken dat Brink burgemeester word nie. Hierdie klomp diewe in hoë stoele gaan daarvoor baklei.

Johnny Kidson

Ja, want hy gaan nie toelaat dat julle verder steel en bedrieg nie.



Cilliers Brink

Peet Van Vuuren

Hy het as burgemeesterskandidaat die meeste stemme gekry en dis nie nou die tyd vir slim stories nie. Wees maar tevrede met die onderburgermeesterspos!!!

Marieta Kemp

Sy uitspraak was uiters arrogant met geen insig in die volwassenheid wat onderhandelinge verg nie. Sy en mnr. Mashaba se ego's het blykbaar klaar besluite namens ActionSA geneem met wie hulle sal saamwerk.

Adriaan Knoetze

Action SA is met ras gepla. Hulle wil eerder iemand van kleur in posisies plaas. Mashaba se uitlatings oor Zille as persoon en ook Tshwane se voormalige burgemeester, spreek boekdele.

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Pole diep verdeeld oor land se toekomstige rigting



Elke jaar op 11 November vier Poolse burgers hul Nasionale Onafhanklikheidsdag; 'n belangrike openbare vakansiedag wat die land se terugkeer na soewereiniteit in 1918 herdenk, ná 123 jaar waartydens die land tussen Rusland, Pruise en Oostenryk verdeel was. Elke jaar neem duisende Pole deel aan 'n reuse-optog deur die strate van die hoofstad Warskou om Pole se soewereiniteit te herdenk. Dit was Woensdag ook weer die geval.

Oor die jare heen het dit 'n byeenkoms geword van hoofsaaklik konserwatiewe en regse partye en groepe wat kwessies bespreek wat verband hou met die beskerming van Pole se soewereiniteit, nasionale identiteit, Christelike geloof, en die Poolse taal, kultuur en tradisies in 'n tyd waarin identiteite in Europa toenemend vervaag.

Die gevolg hiervan is egter dat die Onafhanklikheidsherdenking ook begin het om 'n diepe verdelingslyn in Pole te ontbloot. Pole is toenemend 'n diepverdeelde land met 'n groot skeiding tussen die oostelike, landelike, nasionalisties-konserwatiewe en steeds baie tradisionele en gelowige Pole, en die toenemend sekulêre, meer globalistiese westelike gebiede; daarmee saam ook die groter stede soos Warskou en Krakow. Verkiesing ná verkiesing word hierdie verdeeldheid duideliker en skep dit groeiende politieke spanning.

Pole was die afgelope week of twee ook vir ál die verkeerde redes in die nuus gewees. Op 30 Oktober het 'n grondwetlike krisis uitgebreek toe 'n Poolse regter besluit het om die president en adjunk-president van die Poolse Grondwetlike Tribunaal te skors. Dít nadat die land se konserwatiewe president Karol Nawrocki sy grondwetlike reg uitgeoefen het om nié agt nuwe regters op die tribunaal, wat deur die huidige liberale regerende koalisie benoem is, in te huldig nie. Die tribunaal het sedert 2015 'n konserwatiewe meerderheid toe beide die eerste minister en president van dieselfde konserwatiewe party afkomstig was. Karol Nawrocki is op 1 Junie verlede jaar met 50,08% van die stemme as Pole se president verkies.

Nawrocki staan egter reg teenoor die liberale Poolse eerste minister Donald Tusk. Tusk is sedert Desember 2023 eerste minister van Pole nadat hy daarin geslaag het om 'n koalisieregering van linkse en regse partye te vorm, ten spyte daarvan dat sy party tweede in die algemene verkiesing geëindig het. Nawrocki se verkiesing verlede jaar het dinge egter ernstig gekompliseer omdat daar nou 'n eerste minister en 'n president is wat op baie sake lynreg van mekaar verskil.

Verlede naweek op 7 November, het 'n 24-jarige man, Michał Oksiński, eers sy ouers en 21-jarige suster doodgeskiet waarna hy met sy motor die besige Hoofmarkplein in die Poolse stad Krakow binnegejaag en willekeurig op voetgangers begin skiet het. Ses mense is doodgeskiet en nog 16 beseer. Die aanvaller het twee dae later in 'n hospitaal aan sy wonde beswyk. Die motief vir die aanval word nog ondersoek, maar dit is reeds duidelik dat dié jong man deur ander massamoorde in ander Europese lande beïnvloed is en dat hy selfs deur politieke kwessies geradikaliseer kon word. Sou dit waar wees spreek dit tot die vrees regoor Europa dat die dieperwordende politieke polarisasie toenemend ook tot radikalisering en geweld gaan lei.

Pole was tot aan die einde van 1980 'n kommunistiese land, direk onder die invloed van die Sowjetunie. Dié land het dus in die 1990's 'n demokratiese toekoms met 'n reuse-agterstand, diepe armoede en onderontwikkeling tegemoet gegaan. Sedertdien het Pole een van die beste voorbeelde in die wêreld geword van hoe vooruitgang ekonomies en maatskaplik geskep kan word.

In 1994 was die Poolse ekonomie die 40ste grootste ekonomie in die wêreld. Hoewel die land toe reeds, kort ná die einde van kommunisme, sterk ekonomiese groei getoon het, was dit steeds een van die armste lande in Europa. Vandag is Pole die wêreld se 21ste grootste ekonomie, en vergelyk die land se BBP per capita goed met van die hoër inkomstelande in die wêreld a.g.v. die lae lewenskoste in Pole.

Terwyl Poolse arbeiders in die 1990's en vroeë 2000's in groot getalle, eers na Brittanje, en daarna – nadat Pole in 2004 deel van die Europese Unie geword het – ook uitgewyk het na ryk Wes- en Noord-Europese lande, het verskeie weer in groot getalle die afgelope paar jaar begin terugkeer.

Vandag is Pole een van die vinnig-groeiende ekonomieë in Europa en op die punt om Switserland as 20ste grootste ekonomie ter wêreld verby te steek. Die Verenigde Koninkryk het onlangs voorgestel dat Pole by die G20 ingesluit word.

Pole het die afgelope paar jaar ook die voortou geneem met militêre ontwikkeling in Europa en spandeer by verre tans die meeste op verdediging van alle Navo-lidlande as persentasie van hulle BBP.

Aan die een kant voel baie Pole egter steeds soos 'n soort Europese stiefkind in Oos-Europa wat dikwels deur Duitsland, Frankryk, Italië en die VK by belangrike gesprekke uitgesluit word. Die groter krisis in Pole is egter die vraagstuk oor hoe die land die toekoms moet benader.

Pole het baie minder immigrante as ander Wes-Europese lande en die meeste immigrante is Oekraïners wat 'n positiewe bydrae lewer. Met 'n baie lae bevolkingsaanwas en dalende bevolking wil liberale groepe meer immigrante toelaat.

Daarmee saam is daar ook druk op Pole om van baie van sy tradisionele waardes afstand te doen om uiteindelik beter by Wes-Europa in te pas. Die land is letterlik in die middel verdeel oor hierdie en ander kwessies. En hierdie verdeling en politieke krisis verdiep by die dag. Volgende jaar moet 'n algemene verkiesing in Pole plaasvind en die uitslag daarvan sal waarskynlik die toekoms van die land vir baie lank diepliggend raak..N

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Vyf lesse uit 2026 se munisipale verkiesing

REPLIEK

Ernst van Zyl

Die munisipale verkiesing van 2026 het vele Suid-Afrikaners opgewonde gemaak oor die toekoms, maar daar is tog steeds onsekerheid. Dit is dus 'n goeie geleentheid om die verkiesingsuitslae te ontwar deur die lesse uiteen te sit wat elkeen van die voorste vyf partye, gebaseer op stemme, vir ons leer.

Alhoewel die **ANC** steeds in syfers die meeste stemme gekry het, het die party 'n historiese ineenstorting van mag op plaaslike regeringsvlak ervaar. Ná die 2021-verkiesing het die ANC beheer gehad oor 122 uit 213 munisipale rade. Ná vanjaar se verkiesing sal hy nou slegs 54 beheer. Die belangrikste les is dat miljoene kiesers besluit het om eerder hulle oë, die realiteit wat hulle ervaar, as hulle ore, die slagspreuke van ANC-politici, te glo. Groen riool wat in die straat afloop, gevlekte hospitaalbeddens en nagte sonder krag het dit vir Suid-Afrikaners duidelik gemaak wie se skuld die agteruitgang was. Die bewering deur sekere analiste dat president Donald Trump van die VSA se druk op die Suid-Afrikaanse regering ondersteuning vir die ANC gaan konsolideer, het toe ook nie gematerialiseer nie.

Die **DA** beheer een minder munisipale raad as meerderheidsparty as in 2021, en sy stempersentasie het met slegs ongeveer 3% gegroei. Die party se verkiesingsukses was egter meer proporsioneel as numeries. Eerder as om sy groei in stemme te tel, moet die toename in invloed geweeg word. Die DA is die grootste party in agt meer munisipale rade waar koalisies gevorm sal moet word as in 2021. Die aantal munisipale rade sonder 'n meerderheidsparty het skerp toegeneem van 66 in 2021 tot 127 in 2026. Die les wat die DA se 2026-resultate dus vir ons leer, is dat enige party wat ernstig is oor die groei van sy magsbasis, in die toekoms die kuns van koalisiepolitiek sal moet bemeester. Die politieke paradigma van alleenregeer op plaaslike regeringsvlak is duidelik verby.

Jacob Zuma se **MK**-party het weereens bewys dat kulturele identiteit in die Suid-Afrikaanse politiek vir die voorsienbare toekoms steeds koning sal kraai. Volgens 2024 se data is ongeveer 78% van MK-kiesers Zulu-sprekend. MK was daarom die dominante politieke mag in KwaZulu-Natal, met ongeveer 34% van die stemme. Die party het 'n volstrekte meerderheid in drie munisipaliteite (al drie in KwaZulu-Natal) behaal en is die grootste party in 19 ander (óók almal in KwaZulu-Natal).



MK is ook die grootste party in die eThekwini-metroraad (Durban), met 86 uit 223 setels.

Die **EFF** het geleer dat kiesers jou glo as jy in 2019 belowe dat jy binne vyf jaar 'n skool gaan bou of hulle hoef nooit weer vir jou te stem nie. Tussen 2021 en 2026 is die EFF se ondersteuning amper gehalveer, van ongeveer 10% na rondom 6%. Hulle is ook afgeskuif vanaf die derde na die vierde grootste party. 'n Leier wat skuldig bevind is aan 'n ernstige misdaad, wat dreunsange sing oor moord op boere en wat onder eed getuig dat hy moontlik eendag 'n oproep sal doen om die wit minderheid uit te moor, was toe nie so gewild soos wat Julius Malema gedink het nie. Malema, die verskoningkoning, blameer natuurlik vir AfriForum vir sy party se vrot verkiesingsuitslae, maar sê dat die EFF nie gaan tou opgooi nie. Hulle 2026-slagspreuk "Victory or death" blyk dus nóg 'n leë belofte te wees.

Laastens het **ActionSA** bewys dat dit nie noodwendig die aantal stemme is wat die meeste tel nie, maar waar jy daardie stemme kry. Herman Mashaba se party het homself gevestig as een van die koalisie-koningmakers van Gauteng. Hulle steun het verdubbel van 2,33% in 2021 tot 5,67% in 2026. In 2021 het ActionSA geen wyk met 'n meerderheid gewen nie. In 2026 het die party meerderhede in 56 wyke verkry – insluitend werkersklas-areas soos Tembisa in Ekurhuleni. ActionSA het bewys dat onwettige immigrasie en grensbeheer kritieke kwessies geword het in die Suid-Afrikaanse politiek. In 'n land met 'n werkloosheidskoers van meer as 33,7% en openbare dienste en infrastruktuur onder groeiende druk, is dit geen verrassing nie. Die gewildheid van burgerlike bewegings soos March and March het egter lank voor die verkiesing as windkous vir dié rigting van die politieke wind gedien. Tog beskou die meeste toppartye steeds hierdie kwessies as radioaktief, wat vir partye wat nie bang is om daarop te hamer nie, soos ActionSA en die Patriotic Alliance, 'n hoogs voordelige nis uitkerf.

Nes die VSA is Suid-Afrika onmiskenbaar in 'n tydperk van politieke herbelyning. Die geskiedenis bewys dat sulke tye gekenmerk word deur hoë vlakke van politieke onstuimigheid en chaos. Dit is egter nie 'n rede tot kommer nie, want onsekerheid is 'n voorvereiste vir tye ryk aan geleenthede. **N**

**Van Zyl is die hoof van openbare betrekkinge by AfriForum,*

Iran-oorlog was ’n flater

REPLIEK

Koos Malan

Die Republikeine het pas verlede week in die middeltermynverkiesings in die VSA ’n verwoestende neerlaag gely. Die party het beheer oor albei huise van die Kongres verloor, wat natuurlik ook die president se posisie aansienlik verswak. Donald Trump is nadese ’n skadu van wat hy twee jaar gelede was.

Aanstellings wat hy tot dusver met hartelus kon doen, met die versekering dat die Senaat dit sou bevestig, sal nadese nie meer gedoen kan word nie; die geldkrane vir projekte van die president is klaarblyklik voortaan toegedraai; en verwydering van die president en van sy ministers uit hulle ampte deur hulle in ’n staat van beskuldiging te plaas, is baie moontlik. Die Amerikaanse minister van Verdediging – of van Oorlog soos wat die huidige administrasie na hom verwys – Pete Hegseth het reeds een poging daartoe oorleef. Voorts maak die Republikeinse nederlaag die deur oop vir linksgesinde wetgewing wat deur radikale Demokrate voorgelê kan word. Die ideologiese teistering van DEI mag dalk terugkeer.

Die regsgesinde sege van die Republikeine en Trump in November 2024 is ten minste vir eers geneutraliseer en die MAGA-beweging is gestuit. Dit is nadelig vir die Westerse beskawing in die VSA, Wes-Europa en wêreldwyd waar daar ’n Westerse teenwoordigheid is.

Die sentrale oorsaak vir die Republikeinse verkiesingsramp is die VSA se onverstandige instorm in die Iran-oorlog.

Die VSA kon nog steeds, agt maande nadat die oorlog op 28 Februarie vanjaar begin het en ondanks die VSA se uiterste militêre inspanning, nog nie die stryd teen Iran wen nie.

Iran is weliswaar verswak, maar die ekonomiese prys wat bykans die hele wêreld, met inbegrip van die Amerikaanse publiek vir die oorlog betaal, is hoog.

Nou het ook die Amerikaanse president en sy party klaaglik vir die oorlog geboet. ’n Treffende ironie het afgespeel: Op 28 Februarie is bykans die hele topbestuur van die Iranse regering in die Amerikaans-Israelse lugaanval op Teheran gedood, in wat ’n chirurgiese regime-verandering moes wees. Nou is die Trump-administrasie egter self beduidend verswak.

Die Republikeinse Party weet nou ook dat die Iran-oorlog ’n flater was. Vise-president Vance verklaar uitdruklik dat die oorlog en die wrang gevolge daarvan die belangrikste oorsaak vir die Republikeinse nederlaag in die verkiesing is. Die president suggereer dit ook.



[Foto: CNN]

Ter verdediging van Vance moet opgemerk word dat hy vanuit die staanspoor skepties oor die oorlog was. Baie ander senior ampsbekleërs in die Trump-administrasie – burgerlik en militêr – ook. So ook talle deskundiges, onder andere Proff John Mearsheimer en Robert Pape.

Oorlogsminister Pete Hegseth en vurige Neocon-oorlogsaanstigter, wyle senator Lindsay Graham en ’n klompie ander, het egter deurentyd die oorlogstamboere geslaan.

Talle oorlogspropagandiste met weinig kennis en insig, maar met ’n skynbaar onversadigbare oorlogslus, was napraters hiervan. Ook Afrikaners het nie hierdie insiglose propaganda gespaar gebly nie. Lesers van onder andere *Nuusweek* is in die naam van *internasionale perspektiewe* meedoënloos met propaganda geteister wat dikwels ver van die daadwerklike realiteit verwyder was.

Die aanvanklike aanval van 28 Februarie is herhaaldelik vurig as “briljant” en “meesterlik” opgehemel. Hegseth is op dieselfde wyse as held voorgehou. Met die grootste sekerheid is verklaar hoe min slaankrag Iran oor het en hoe naby dit aan ’n finale ineenstorting was.

Dié bewerings was ongeldig.

Die propaganda het natuurlik ook by sommige mense byval gevind wat gedink het dat die propaganda werklik die menings van ’n deskundige weerspieël.

Daar is wel die verstaanbare afkeer onder ons mense van ’n ongenaakbare Islamitiese regime, vir wie nuus oor die slae wat so ’n regime sou kry soos musiek in die ore was.

Nodeloos om te sê dat regerings van hierdie aard my ook allermins aanstaan.

Maar dit beteken nie dat daar in weerwil van groot risiko’s in ’n oorlog ingestorm moet word, soos wat sedert 28 Februarie gebeur het nie. Veral nie strydig met die beste advies van deurlugtige deskundiges nie.

En dit beteken ook nie dat propaganda van vermeende kenners met verwronge internasionale perspektiewe geduld en geglo moet word nie.

Die geskiedenis van hierdie oorlog is rampspoedig. Dit was ook die hoof-oorsaak vir die Republikeinse rampspoed in die middeltermynverkiesings. Dit is te hope dat die nadeel daarvan in die eersvolgende jare uit die weg geruim sal word en dat Westersebeskawingsgesindes spoedig weer in die saal sal wees

Hier te lande waarsku die onsin wat lesers oor die oorlog wysgemaak is ons om bedag te wees op ongeloofwaardige en onbetroubare propaganda wat die wêreld ingestuur is. **N**

**Malan is ’n konstitusionele juris van Pretoria.*

AGOA: Wanneer internasionale politiek die verbruiker se inkopietrollie laai



Internasionale handel klink dikwels na iets wat ver van die gewone Suid-Afrikaner se daaglikse bestaan afspeel. Onderhandelinge tussen regerings, tariefstrukture en diplomatieke betrekkinge is immers nie noodwendig gesprekke waaraan die gemiddelde verbruiker aandag gee nie. Tog kan die uitkoms van hierdie gesprekke uiteindelik 'n direkte invloed hê op die werkgeleenthede, inkomste en lewenskoste van gewone huishoudings.

Die onsekerheid oor Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die African Growth and Opportunity Act (AGOA) is juis so 'n voorbeeld.

AGOA is 'n Amerikaanse handelsinisiatief wat aan kwalifiserende Afrikalande voorkeurtoegang tot die Amerikaanse mark bied. Vir Suid-Afrika het dit oor baie jare 'n belangrike uitvoergeleentheid geskep, onder meer vir landbouprodukte, motorvoertuie, motoronderdele en vervaardigde produkte.

Indien Suid-Afrika en die Verenigde State nie voor die einde van 2026 'n werkbare ooreenkoms bereik nie, kan Suid-Afrika vanaf 1 Januarie 2027 hierdie voorkeurtoegang verloor. Dit beteken nie dat Suid-Afrikaanse produkte nie meer na Amerika uitgevoer mag word nie. Dit beteken wel dat produkte wat tans onder AGOA se voorkeurvoorwaardes voordeel trek, moontlik hoër tariewe sal moet dra en gevolglik minder mededingend kan wees.

Die eerste vraag is natuurlik hoe groot die ekonomiese impak hiervan kan wees.

Hoewel AGOA-uitvoere slegs 'n gedeelte van Suid-Afrika se totale uitvoere verteenwoordig, moet die nasionale syfers nie die werklike blootstelling van individuele bedrywe verbloem nie. Vir 'n onderneming wat 'n beduidende deel van sy produksie vir die Amerikaanse mark bestem het, kan die verlies aan voorkeurtoegang 'n ernstige bedreiging vir sy winsgewendheid en voortbestaan inhou.

Dit gaan ook nie net oor die waarde van uitvoere nie. Agter elke uitvoerkontrak is daar produksie, vervoer, verpakking, verwerking, finansiering en mense wat 'n inkomste verdien. Wanneer bestellings afneem, kan die gevolge deur die hele waardeketting versprei.

Landbou is besonder blootgestel aan hierdie soort onsekerheid. Produsente maak beleggingsbesluite oor boorde, produksiefasiliteite, besproeiing en verpakking met die oog op bepaalde markte. Sulke beleggings word oor baie jare terugverdien en kan nie eenvoudig aangepas word wanneer 'n marktoegangsvoorwaarde verander nie.

'n Sitrusprodusent wat vir die Amerikaanse mark produseer, kan nie noodwendig sy hele oes sonder meer na 'n ander bestemming herlei nie. Ander markte het hul eie invoervereistes, kwaliteitstandaarde, logistieke uitdagings en verbruikersvoorkeure. Daarby kan 'n groter aanbod in alternatiewe markte pryse onder druk plaas. Daar is inderdaad ander verskaffers wat daardie markte reeds beset.

Die vraag is ook: Hoe raak dit die gewone Suid-Afrikaanse verbruiker?

Die antwoord lê in die manier waarop ekonomiese gevolge van een sektor na 'n ander versprei. Minder uitvoerbestellings kan produksie beperk. Minder produksie kan tot werksverliese lei. Werksverliese beteken minder huishoudelike inkomste en dus minder koopkrag. Wanneer ondernemings boonop onseker raak oor toekomstige marktoegang, kan beleggings en uitbreiding uitgestel word.

Daar is ook 'n moontlike invloed op die wisselkoers. Indien handelsonsekerheid die internasionale vertroue in Suid-Afrika verder verswak, kan dit druk op die rand plaas. 'n Swakker rand maak ingevoerde produkte en produksie-insette duurder. Brandstof, kunsmis, landbouchemikalieë, masjinerie en verskeie ander produkte kan hierdeur geraak word. Hierdie kostes kan uiteindelik deur die ekonomie beweeg en inflasionêre druk verhoog.

Dit is dus nie noodwendig AGOA self wat die prys van 'n produk op die winkelrak verhoog nie, maar eerder die moontlike ekonomiese gevolge wat deur verskeie kanale na die verbruiker deurwerk.

Daar is wel 'n ander moontlikheid. Indien produkte wat voorheen vir die Amerikaanse mark bestem was, plaaslik verkoop word, kan die groter aanbod in bepaalde gevalle tydelike afwaartse druk op pryse plaas. Dit is egter nie 'n waarborg nie, aangesien uitvoerprodukte nie altyd geskik is vir die plaaslike mark of ander uitvoerbestemmings nie.

Suid-Afrika moet daarom nie net fokus op die onmiddellike onderhandelinge met Amerika nie. Die land moet ook eerlik besin oor die belangrikheid van voorspelbare internasionale handelsverhoudinge. Markte word oor baie jare ontwikkel en vertroue word nie maklik herstel wanneer dit eers verlore gegaan het nie.

Markdiversifikasie na onder meer Europa, die Midde-Ooste, Asië en ander Afrikalande is noodsaaklik. Dit beteken egter nie dat bestaande markte prysgegee moet word nie. Die behoud van bestaande marktoegang en die ontwikkeling van nuwe markte behoort gelyktydig nagestreef te word.

Die regering, georganiseerde landbou en die sakegemeenskap het elkeen 'n rol om te speel. Dit is belangrik dat die moontlike impak op spesifieke bedrywe, werksgeleenthede en produksievermoë behoorlik bepaal word, sodat praktiese oplossings ontwikkel kan word.

Die kern van die saak is dat internasionale handel nie bloot 'n politieke aangeleentheid is nie. Dit is 'n ekonomiese lewensaar wat produksie, winsgewendheid, werkskepping en huishoudelike welvaart beïnvloed.

Die boer se winsgewendheid is nie bloot die boer se saak nie. Dit bepaal of daar voortgegaan kan word om te produseer, mense in diens te neem en voedsel deur die waardeketting tot by die verbruiker te lewer.

AGOA mag dus op die oog af na 'n gesprek tussen twee regerings lyk. Die uiteindelike gevolge kan egter baie nader aan die huis wees: by die plaashek, in die fabriek, in die werknemer se huishouding en uiteindelik by die verbruiker se inkopietrollie.

Landbou moet leef sodat die land kan leef. En daarvoor is winsgewendheid, marktoegang en 'n voorspelbare ekonomiese omgewing onontbeerlik. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

Pretoria se mees ikoniese gebou

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder



Die Amfiteater is gebou bo-oor die ou steengroef. [Foto: Het Geheugen van Nederland]

Sekerlik een van die bekendste aansigte van Pretoria is die pragtige Uniegebou wat majestueus bokant die stad uittroon. Die koppie waarteen die gebou genestel is, heet Meintjeskop, na Edward Meintjies, die destyds eienaar van die stuk grond.

Reeds voor Uniewording in 1910 is daar begin met beplanning van 'n hoofkantoor vir die hele Unie-staatsdiens, asook die parlement. Die gebou is in 1908 ontwerp deur Sir Herbert Baker, wat ook gehelp het om die plek te kies waar dit sou verrys. Die ligging het hom aan die Griekse en Klein-Asiese akropolisse herinner, wat gepas het by die idee van 'n manjifieke hoofkantoor vir die nuwe, verenigde regering van 'n verenigde nasie. Hy het 'n Neo-Klassieke ontwerp, tipies van die Italiaanse Renaissance, vir die oorhoofse ontwerp gebruik, maar daar is ook elemente van die Kaaps-Hollandse styl in veral die ystersmeewerk van die Rotunda en die deur- en vensterbekleding. Die Uniegebou is gebou van sandsteen, met 'n fondament van Transvaalse graniet.

Aan die voet van die Meintjeskop was voorheen 'n steengroef waar die klip vir baie van die vroeëre geboue in die dorp uitgehaal is. Die Amfiteater van die Uniegebou is bo-oor hierdie steengroef gebou. Van die ouer inwoners het ook vertel hoe die kinders vroeër jare daar in die dam geswem het.

Aan die anderkant van die koppie was daar in die Anglo-Boereoorlog 'n minder bekende konsentrasiekamp, bekend as die Meintjeskopkamp, waar veral gesinne van mans wat in die Britse leër gedien het, gewoon het. Na die ontbinding van die National Scouts het van hulle lede ook in die kamp gewoon tot aan die einde van die oorlog. Die toestande in die kamp was beter as in baie van die ander kampe, en slegs 8 persone is daar oorlede aan natuurlike oorsake.

Die hoeksteen van die Uniegebou is op 23 November 1910 deur die hertog van Connaught gelê. Die gebou was teen die einde van 1913 gereed, maar werk aan die uitgebreide tuine is eers heelwat later voltooi.**N**

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*


** Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*



Die Uniegebou in aanbou teen Meintjeskop. Daar was voorheen ook 'n steengroef op dieselfde terrein. [Foto: Erfenisstigting Argief]

Die Boekeblad met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Legkaart
– Leon van Nierop

R330, Tafelberg

Meer as tien jaar gelede het 'n rebelse jong skrywer, Simca, spoorloos tussen die verlate mynskagte bo die Brulwaterval naby Barberton verdwyn.

Haar liggaam is nooit gevind nie. Haar geheim ook nie. Nou nooi die uitgewer, Olive Warrington, 'n groep bekroonde speurverhaalskrywers na 'n afgeleë skrywerslypskool naby die plek waar Simca verdwyn het. Hul opdrag: Skryf 'n verhaal wat die verdwyning oplos. Kaptein Beer Henning moet die skrywers met inligting oor polisieprosedures bystaan. Maar voordat die eerste kortverhaal voltooi kan word, tref verwoestende oorstromings die Laeveld. Die groep word van die buitewêreld afgesny en die rivier styg gevaarlik. Dan word 'n lyk ontdek. Wanneer nog sterftes volg, besef Beer een van die skrywers is bereid om herhaaldelik moord te pleeg.

Elkeen het iets om weg te steek. Elkeen het 'n motief. En iewers tussen legkaartstukkies skuil die moordenaar se identiteit. 'n Tonekrul-lekker, knus *whodunnit* deur 'n immer gewilde skrywer.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

Ben en die groot konsert
– Zuléka Smit; illustreerder – Johann Strauss



R190, Luca

Almal hou van konsert, maar Ben voel skielik nie meer so seker daaroor nie, want Juffrou het besluit dat hy die hoofrol in die skool se konsert moet speel. Wat as hy sy woorde vergeet of almal vir hom lag? Gelukkig is sy ouers en maats daar om hom raad te gee en by te staan.

In hierdie nuutste toevoeging tot die gewilde Ben-reeks deur Zuléka Smit, leer jong lesers oor selfvertroue en dat hulle enigiets saam met Jesus kan aanpak.

Bestel dit aanl yn by www.graffitibooks.co.za

Lea en die groot konsert
– Zuléka Smit; illustreerder – Johann Strauss



R190, Luca

Lea se dag begin vrolik totdat Juffrou in die klas aankondig dat hulle konsert gaan hou. Die kinders gaan almal soos supersterre sing en dans op die verhoog. Lea voel sommer goor as sy net daaraan dink. Wat as almal vir haar lag of sy haar woorde vergeet? Maar haar boetie Ben bemoedig haar met 'n Bybelversie voor die gordyne opgaan en dit maak Lea dapper!

In hierdie lieflike verhaal leer jong lesers saam met Lea dat as 'n mens oefen, in jouself glo en nooit moed opgee nie, goeie dinge vir jou kan gebeur. Aanhouers wen!

Bestel dit aanl yn by www.graffitibooks.co.za

Pretoria Stories 3
– Pieter Swanepoel



R240

Met die verskyning van *Pretoria Stories 3* kan lesers nou nuwe stories oor Pretoria en sy mense ontdek. Pretoria Stories 3 sluit aan by die vorige uitgawes (Pretoria Stories en Pretoria Stories 2), maar hierdie keer gaan dit nie net oor stories van Ou Pretoria nie, maar ook oor die Pretoria van vandag.

'n Kenmerk van al drie volumes is dat verskeie kultuurgemeenskappe betrek word om die Pretoria-mosaïek te skilder. Ingesluit in hierdie uitgawe is die Duitse, Portugese en Joodse gemeenskappe wat soveel tot die ontwikkeling van Pretoria bygedra het.

Daar is ook brokkies uit Pretoria se erfenisargief, 'n paar Pretoriana-versamelings en stories oor enkele Pretoria-voorstede, asook 'n paar townships, wat lesers se belangstelling sal prikkel.

Weer eens, iets vir almal!

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS

Hier is die week se topverkopers:

10	***Ouma Mollie op die plaas*** – Fanie Viljoen
9	***Bollie Wollie & die nag voor Kersfees*** – Elize Parker
8	***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert
7	***Ingekluis*** – Tertius Janse van Rensburg
6	***Ek is sy*** – Natalie le Roux
5	***Swerwerskraal*** – Keina Swart
4	***Anderkant die water*** – Ronel du Plessis
3	***Op lig*** – Thilde Nel
2	***Die seun wat bly leef het*** – Jacques Papenfus
1	***Goedheid en guns*** – Sophia Kapp

Wen 'n R300-Graffiti-geskenkbewys

3 Lesers kan elkeen 'n R300-Graffiti-geskenk-bewys wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Lea en die groot konsert geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag 16 November 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenners van 30 Okt 2026 se boekekompetisie is:
Koos Swanepoel
Andre Crous
Santa Stoffberg

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by www.graffitiboeke.co.za teen 10% afslag.
Om te kwalifiseer vir ekstra 10% afslag, tik die kodewoord **PTAFM** *in wanneer jy jou bestelling plaas.*

Julle moet mekaar liefhê ...

7VOOR7

Dr. Hannes Janse van Rensburg

Dr. Hannes Janse van Rensburg, voltydse predikant van die Hervormde Gemeente Zuurfontein in Kempton Park en deeltyds die Sentrum vir Gemeentelike Bediening se interim fasiliteerder, begeleier en toerustingskonsultant.

Daar is woorde wat ons heeltemal te maklik sê. Van daardie woorde is "ek het jou lief". Ons praat graag oor liefde. Ons sing oor liefde. Ons lees in die Bybel dat God liefde is. Maar hoe lyk liefde wanneer ons by die huis kom, wanneer ons by die werk verskil, of wanneer iemand ons teleurstel?

In Johannes 13 gee Jesus vir sy dissipels 'n besondere opdrag. Hy sê: "Julle moet mekaar liefhê." Dit is nie bloot 'n mooi gedagte of 'n vriendelike voorstel nie. Dit is 'n uitnodiging om op 'n nuwe manier te leef. Jesus sê hierdie woorde kort voordat Hy gevange geneem en gekruisig sou word. Hy weet wat voorlê. Hy weet dat een van sy dissipels Hom gaan verraai en dat Petrus Hom gaan verloën. Tog praat Jesus met hulle oor liefde. Dit is merkwaardig! Jesus se liefde is nie afhanklik van mense se volmaaktheid nie.

Hy het sy dissipels lief ondanks hulle gebrokenheid, hulle onsekerheid en hulle tekortkominge. En dan voeg Jesus iets besonders by: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." Jesus wys dus nie net vir ons wat liefde beteken nie; Hy leef dit. Ons kan maklik dink dat liefde groot dinge vra. Maar liefde begin dikwels baie kleiner: om werklik na iemand te luister, om geduldig te wees, om vergifnis te vra, om iemand wat alleen voel, raak te sien, of om 'n mens van wie jy verskil steeds met respek te behandel.

Jesus sê mense sal sy volgelinge aan hulle liefde herken. Nie in die eerste plek aan die geboue wat hulle oprig, die programme wat hulle aanbied of die woorde wat hulle gebruik nie, maar aan die manier waarop hulle mekaar liefhet. Dalk is dit juis hier waar ons vandag moet begin. Ons hoef nie die hele wêreld in een dag te verander nie. Ons kan begin by die mense wat God reeds op ons pad geplaas het. Miskien is daar iemand wat vandag jou vriendelikheid nodig het. Miskien moet jy die eerste tree gee.

Die uitnodiging van Jesus is eenvoudig: Kom ons maak liefde sigbaar! Kom ons wees mense deur wie ander iets van Christus se liefde beleef. Want waar mense mekaar opreg liefhet, word die evangelie nie net gehoor nie — dit word gesien. Mag die Here ons vandag help om nie net oor liefde te praat nie, maar om dit met ons lewe te verkondig.**N**

#vrydagfeite

Hoeveel keer het jy nie al bespiegel waar die Marie-beskuitjie ontstaan en sy naam vandaan gekry het?

Die bekende lekkerny – vir grootmens, kind én hond – se storie begin by 'n koninklike troue in Brittanje in 1874.

Die Marie-beskuitjieresep is deur die Londense beskuitjiemaatskappy, Peek Freans ontwikkel om die huweliksbevestiging van die Groothertogin van Rusland, Maria Alexandrovna en Koningin Victoria se tweede seun, Prins Alfred, die Hertog van Edinburgh, te gedenk.

Hy het eers die Maria-beskuitjie geheet met dié naam in die middel gestempel. Vanweë sy ferm tekstuur het hy vinnig gewild geword as teebeskuitjie ver oor die Britse grense heen, selfs tot in Suid-Afrika – waar hy uiters geliefd geraak het.

J.M.L Baumann het 'n beskuitjiefabriek in Durban gevestig en het in 1895 'n tweede aanleg aangekoop wat meer koekies kon bak, insluitend die Marie.

Baumanns het later bande met Bakers gesmee en tydens die Eerste Wêreld-oorlog – in 1915 - het die maatskappy sy naam na Bakers verander as gevolg van sy teenDuitse sentiment.

Meer as 150 jaar nadat hy vir die eerste keer gebak is, is die Marie-koekie steeds een van die heerlikste en veelsydigste koekies vir gesinne en kranige bakkers.

Bron: Origins 22 - Genealogy & History **N**

VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Die eerste ryp kersie is op 13 November 1659 in die tuin van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in Kaapstad gepluk. 'n Klein stukkie Suid-Afrikaanse landbougeskiedenis!

Die Skotse skrywer Robert Louis Stevenson is vandag in 1850 in Edinburgh gebore. Hy is veral bekend vir sy klassieke avontuurverhaal *Treasure Island* en die gruwelroman *Dr Jekyll and Mr Hyde*.

Gioachino Rossini, die gevierde Italiaanse operakomponis van die 19de eeu en skepper van onder meer *Die Barbier van Sevilla* en *Wilhelm Tell* is op 13 November 1868 oorlede.

Walt Disney se beroemde animasierolprent *Fantasia* het vandag in 1940 sy première in New York gehad. Die rolprent het klassieke musiek met baanbrekerswerk in animasie gekombineer.

Woensdag 13 November 1985 was 'n tragiese dag in die Suid-Amerikaanse staat Colombia toe die vulkaan Nevado del Ruiz uitgebars het. Dit was een van die grootste natuurrampe in die geskiedenis. Vulkaniese modder het die dorp Armero oorstroom en tot die dood van meer as 23 000 mense gelei.

Die Springbokke het vandag in 1993 Argentinië met 52–23 in Buenos Aires geklop. Francois Pienaar was die Bokke se kaptein daardie dag.

Ons herdenk ook die sterfdag van die skrywer Wilbur Smith, wat op 13 November 2021 op 88-jarige ouderdom in Kaapstad oorlede is. Daar is wêreldwyd meer as 140 miljoen eksemplare van sy avontuurromans verkoop. **N**



Vulkaan Nevado del Ruiz



Wilbur Smith

Stadio (JSE – SDO)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

STADIO Holdings (JSE: SDO) is 'n private hoëronderwysgroep wie se hoofbesigheid die aanbied van tersiêre opleiding deur middel van persoonlike kontak-, afstands- en gemengde leerprogramme is. Die maatskappy bedryf instellings soos STADIO Higher Education, Milpark Education en AFDA, en bied kwalifikasies aan wat wissel van hoër sertifikate en diplomas tot grade, honneurs-, meesters- en doktorale programme. Die groep se fokus is op die verbreding van toegang tot gehalte- hoër onderwys in Suid-Afrika te verbreed.

Kernbevinding

Die stogastiese indikator is oorverkoop – dit kan dalk die voorloper wees van 'n herstellopie.

Let daarop dat lyn A, B en die 50-dag-bewegende gemiddeld basies in dieselfde tegniese spasie beweeg. Dit bevestig die belangrikheid van die tegniese verwysingsarea.

Die moontlike vlagformasie (moontlik positief) wys dat markdeelnemers baie onseker is.

Die grafsteen-kantelkersie (moontlik positief) bevestig dat sommige markdeelnemers onseker is of die huidige pessimisme jeens die aandeel geregverdig is.

Bo lyn A (R14,94) kan die eerste tegniese weerstand na 'n steun verander en senuagtige markdeelnemers se gemoedere laat bedaar.

Bo lyn B (R15,45) kan die marksentiment jeens die aandeel meer positief raak.

Indien momentum na bo aan die gang kom, bo lyn B, is 'n moontlike tegniese verwysingsvlak R16,45.

Korttermyn- tegniese opinie – bo lyn A (R14,94) kan die grafiek tekens begin deurgee dat marksentiment jeens die aandeel aan die verbeter is, en dalk kan die bogenoemde tegniese scenario begin ontwikkel soos op die grafiek aangedui, maar onder R14,38 kan ons aanneem dat die grafiek weer verder kan teleurstel en bogenoemde beskrywing nietig maak.

Moontlike vlakke na bo is: R15,00; R15,12; R15,19; R15,27; R15,33; R15,45; R15,63; R15,78; R15,88; R16,00; R16,17; R16,31 en R16,45.

Medium- tot langtermyn- tegniese opinie – Die medium- tot langtermyn- tegniese prentjie behoort saam met die korttermyn-tegniese waarnemings geïnterpreteer te word. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R15,23) word dikwels as 'n maatstaf van sentiment vir die medium- tot lang termyn gebruik. Prysbewegings onder die gemiddeld word soms met versigtigheid geassosieer, terwyl bewegings bo die gemiddeld dikwels as 'n teken van verbeterende sentiment beskou word.

Ignoreer dus die aandeel onder R14,38.

Belangrike vlakke om dop te hou.

Indien die marksentiment bo lyn A verbeter, kan die instrument dalk styg na: R15,00; R15,12; R15,19; R15,27; R15,33; R15,45; R15,63; R15,78; R15,88; R16,00; R16,17; R16,31 en R16,45.

Opsomming en Gevolgtrekking

Marksentiment kan bo lyn A verbeter, maar onder R14,38, kan die grafiek verder teleurstel, en bogenoemde tegniese scenario van die tafel laat verdwyn.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk
Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan
fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op pos vir meer info

Administrasie

Krediteurklerk & Kantoor administrasie - Tigre Aluminium Profiles & Extrusions | Silverton, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Mediese Praktykbestuurder - Hear2Help | Montana, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/11/2026

PRAKTYKBESTUURDER – HEAR2HELP - Hear 2 Help | Montana, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Koördineerder: Fasiliteite en Beroepsveiligheid - Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) | Montana Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 16/11/2026

Ajani | Vakleerlingfasiliteerder: Studente Plasings - Ajani | Monument Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 16/11/2026

Ajani | Vakleerlingfasiliteerder: Studente Plasings - Ajani | Monument Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 16/11/2026

Durban: JUNIOR ASSISTANT (Trainee Management, Entry Level position – Training provided)- Cora O Neil Recruitment Agency | Durban | Sluitingsdatum: 19/11/2026

Betaalroladministratiewe beampte - AfriForum | Centurion | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Interne Verkope / Administrasie - CKS Imports | Midrand | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Fleet and Plant Coordinator - Mega Infrastructure | Benoni | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Trainee Junior Management Assistant (Entry Level)- Cora O Neil Recruitment Agency | Durban | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Ambag

Tydelike Meulemaker Posisie - Wrapsa (pty) ltd | Hennopspark, Centurion | Sluitingsdatum: 18/11/2026

Sweiser - Luvstuen Solutions (Pty) Ltd | Pretoria | Sluitingsdatum: 19/11/2026

Vaktoetsbeampte: Megatronika/Elektries/ Meulmaker - Ajani | Monument Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Au Pair

Deeltydse Kinderoppasser - Kapstadt Brauhaus Centurion | Centurion | Sluitingsdatum: 16/11/2026

Au Pair - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 19/11/2026

Au Pair (Temp) - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Woodhill, Pretoria East: **AU PAIR & TUTOR** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Bestuursposte

ALGEMENE BESTUURDER - KeyDistribution | Midrand | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Finansies

Rekenmeester - Talborne Organics | Bronkhorstspruit | Sluitingsdatum: 15/11/2026

BOOKKEEPERS & FINANCIAL ASSISTANTS - KARIN MARX t/a KM CONSULTING Est. 2005 | Pretoria | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Junior Konsultant: Finansies - Principal's Choice (Pty) Ltd | Roodeplaat | Sluitingsdatum: 17/11/2026

Senior Accounts Clerk / Bookkeeper - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 18/11/2026

SAICA ARTCILE CLERKS - IKWEZI HUMAN CAPITAL | Centurion | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Bookkeeper - Talent Evolution (Pty) Ltd | Woodhill Golf Estate, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

SAIPA 3 jaar Klerkskap - 2027- Blue Cloud Accounting | Garsfontein, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

SAIPA Articles Klerk - Accountix Inc | Lynnwood, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

IT

IT Veld Tegnikus - HomePC | Pretoria North, Pretoria | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Kleinhandel/Winkelpersoneel

Winkelassistent - Patriot Outdoors | Centurion | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Landbou

Eksterne Materiaalontwikkelaar (Departement Landbou) – Boerderybestuur- Bo-Karoo Opleiding | Orania | Sluitingsdatum: 14/11/2026

Onderwys

A⁺Students Sensei Bestuurder (Onderwyser) - A Plus Students South Africa | Mantsopa Local Municipality | Sluitingsdatum: 15/11/2026

A⁺Students Sensei (Onderwyser) - A Plus Students South Africa | Bryanston, Sandton | Sluitingsdatum: 15/11/2026

A⁺Students Sensei (Onderwyser) - A Plus Students South Africa | Mbombela | Sluitingsdatum: 15/11/2026

A⁺Students Sensei (Onderwyser) - A Plus Students South Africa | Centurion | Sluitingsdatum: 15/11/2026

Onderwyser (Sensei) - A Plus Students South Africa | Bedfordview, Germiston | Sluitingsdatum: 15/11/2026b

Lektor: Outo-Elektrisiën - Sol-Tech Beroepsopleidingskollege | Pretoria | Sluitingsdatum: 20/11/2026

Verkope

Verkoopsverteenwoordiger - SPÄTH'S COLD MEAT | Silverton, Pretoria | Sluitingsdatum: 17/11/2026





Erasmus kies stabiliteit vir kragmeting teen Frankryk

Die Springbok-afrigter, dr. Rassie Erasmus, het grotendeels die span wat Italië verlede naweek in Turyn geklop het onveranderd gelaat en slegs twee veranderinge aan sy wedstrydgroep van 23 spelers aangebring vir vanaand se Nasieskampioenskap-wedstryd teen Frankryk in Parys.

Wilco Louw skuif na die beginspan en sal saam met Ox Nché en Malcolm Marx in die voorry sak. Thomas du Toit skuif na die plaasvervangersbank, waar hy saam met Jan-Hendrik Wessels en Gerhard Steenekamp die plaasvervangers sal wees.

Die ander verandering is ook op die bank, waar die ervare skrumskakel Cobus Reinach vir Grant Williams sal vervang. Reinach, wat voorheen klubrugby vir Montpellier in Frankryk gespeel het, kan ook as vleuel uitdraf.

Die res van die beginspan bly onveranderd. Lood de Jager en Ruan Nortjé vorm weer die tweede ry, met kaptein Siya Kolisi, Pieter-Steph du Toit en Jasper Wiese as losvoorspelers.

Morné van den Berg en Sacha Feinberg-Mngomezulu vorm die skakelpaar, met Jesse Kriel en Damian de Allende as senterpaar. Ethan Hooker, Kurt-Lee Arendse en Damian Willemse voltooi die agterlyn.

Eben Etzebeth, wat vroeër die week in Frankryk aangekom het, is nie vir vanaand se wedstryd ingesluit nie. Erasmus meen dit is beter as Etzebeth eers weer die span se ritme kry voor hy ingesluit word.

Erasmus verwag 'n strawwe kragmeting teen Frankryk, wat tans bo-aan die noordelike halfrond se punteleer is en vierde op die wêreldranglys is. Suid-Afrika is die voorloper op die suidelike halfrond se punteleer met 20 punte, dieselfde aantal punte as Nieu-Seeland wat tweede lê, maar met 'n beter punteverskil van 140.

Afskoptyd vir hierdie toets vanaand is om 22:10 Suid-Afrikaanse tyd. **S**

Springbokspan teen Frankryk:
1 Ox Nché, 2 Malcolm Marx, 3 Wilco Louw, 4 Lood de Jager, 5 Ruan Nortjé, 6 Siya Kolisi (k), 7 Pieter-Steph du Toit, 8 Jasper Wiese, 9 Morné van den Berg, 10 Sacha Feinberg-Mngomezulu, 11 Ethan Hooker, 12 Damian de Allende, 13 Jesse Kriel, 14 Kurt-Lee Arendse, 15 Damian Willemse
Plaasvervangers: 16 Jan-Hendrik Wessels, 17 Gerhard Steenekamp, 18 Thomas du Toit, 19 Franco Mostert, 20 Cameron Hanekom, 21 Paul de Villiers, 22 Cobus Reinach en 23 Manie Libbok

Volledige Nasiebekerbepalings:
Vrydag 13 November
22:10 Frankryk teen Suid-Afrika

Saterdag 14 November
13:40 Italië teen Argentinië
16:10 Wallis teen Nieu-Seeland
18:40 Engeland teen Japan
22:10 Ierland teen Fidji

Sondag 15 November
17:10 Skotland teen Australië



LIV Golf se laaste putjie is gespeel

Die omstrede LIV Golf-toer gaan ná vyf jaar tot 'n einde kom nadat 'n poging misluk het om die toernooi te red en as 'n nuwe weergawe, LIV 2.0, te hervestig.

Die besluit volg nadat die moontlike hoofbelegger, BC Partners Credit, aan die projek onttrek het. Die beleggingsfirma kon glo nie daarin slaag om genoeg van die voorste spelers te oortuig om hulle tot die nuwe weergawe van die toernooi te verbind nie.

LIV Golf het in 'n verklaring bevestig die toernooi nou met 'n ordelike sluitingsproses sal begin. Die oorblywende bates word intussen gelikwideer.

Die Saoedi-Arabiese Openbare Beleggingsfonds (PIF) het sedert 2022 na raming sowat vyf miljard dollar in LIV Golf belê voordat die finansiering vroeër vanjaar skielik gestaak is. Die liga het in September om bankrotskapsbeskerming aansoek gedoen, maar het gehoop om volgende seisoen met 'n korter program, kleiner prysgeld en spelersaandele terug te keer. BC Partners het aanvanklik moontlike finansiering van tot 300 miljoen dollar aangebied.

Die plan het egter stoom verloor nadat verskeie groot name, waaronder Jon Rahm, aangedui het dat hulle nie by LIV 2.0 betrokke sou wees nie. Bryson DeChambeau, een van die liga se grootste sterre en 'n ondersteuner van die projek, het ook nie sy deelname aan die nuwe weergawe bevestig nie.

LIV Golf se finansiële probleme is beduidend, met dokumente wat toon dat die liga na raming tussen 500 miljoen en een miljard dollar aan minstens 1 000 krediteure skuld, insluitend verskeie topspelers.

Die liga het sedert sy ontstaan in 2022 die internasionale gholfwêreld geskud deur sterspelers met groot kontrakte en prysgeld van die tradisionele PGA-toer weg te lok. Hoewel die drie dae lange toernooie, met hul ongewone wegspringformaat en gepaardgaande konserte, nuwe ondersteuners gelok het, kon LIV nooit dieselfde televisiekykersgetalle as die PGA-toer behaal nie.

Die liga se teenwoordigheid het nietemin druk op gevestigde toere geplaas om aan te pas, onder meer deur groter prysgeld aan te bied.


Die wêreldster Rory McIlroy, 'n uitgesproke kritikus van LIV Golf, het ook die DP World-toer se besluit ondersteun om nie meer spelers toe te laat om sonder beperking aan albei toere deel te neem nie.

PGA-toerspeler Peter Malnati meen LIV Golf was nooit 'n volhoubare sakemodel nie. Volgens hom het die liga wel daarin geslaag om die gholfwêreld te ontwrig, maar het die PGA-toer uiteindelik sterker uit die stryd getree.

LIV Golf se uitvoerende hoof, Scott O'Niel, het die liga se bydrae tot die sport geloof en gesê die projek was 'n unieke ervaring wat wêreldklas individuele en spankompetisies op vyf kontinente aangebied het. **S**



Khawaja: “Almal het geweet”



Australië se pas afgelope toetsreeks-nederlaag teen die Proteas het weer geraamtes uit die kas laat val oor dié land se 2018-kriekettoer na Suid-Afrika, wat onthou sal word vir een van die grootste skandale in die geskiedenis van die moderne spel. Jare na die sogenaamde “sandpapergate”-skandaal het die voormalige Australiese kolwer Usman Khawaja in sy outobiografie, Sabr, nuwe bewerings hieroor gemaak. Tydens die derde toetswedstryd in Maart 2018 is die aanvangskolwer Cameron Bancroft betrap waar hy skuurpapier gebruik het om die toestand van die bal onregmatig te verander.

Khawaja se jongste uitlatings plaas die fokus weer op Krieket Australië (KA) en die span se destydse kultuur, terwyl dit ernstige vrae laat ontstaan oor hoeveel die res van die span werklik geweet het.

Die 39-jarige Khawaja voer aan dat die hele toergroep, insluitend die ondersteuningspersoneel, van die plan bewus was, al is die skuld daarvoor op die skouers van drie spelers, Steve Smith, David Warner en Cameron Bancroft gepak.

Volgens hom is skuurpapier reeds tydens die tweede toets in Gqeberha gebruik, voordat dit op Nuweland in Kaapstad deur kameras vasgevang is.

Ná die insident in Kaapstad het Khawaja glo voorgestel dat die hele span verantwoordelikheid moet aanvaar. Twee spelers, wat nie by die naam genoem is nie, het egter geweier, wat daartoe gelei het dat Smith, Warner en Bancroft volle verantwoordelikheid moes dra.

Khawaja beweer verder dat die amptelike ondersoekers van KA hom doelbewus nie ondervra het nie, juis omdat hulle geweet het dat hy met die sak patats vorendag wou kom.

Intussen het hierdie onthullings gemengde en emosionele reaksie in die krieketwêreld ontketen. Warner, wat vir jare as die hoofsondaar van die skandaal uitgebeeld is, steun die bewerings en is van mening dat die volle omvang van die gebeure nou bekend word.

Vier boulers wat nou nog deel is van die nasionale span, Pat Cummins, Mitchell Starc, Josh Hazlewood en Nathan Lyon, hou egter steeds vol dat hulle onbewus was van enige planne om met die bal te peuter.

Khawaja het beklemtoon dat hy gewag het tot ná sy internasionale loopbaan voordat hy sy kant van die storie vertel en dat hy nie sy voormalige spanmaats “onder die bus wil ingooi” nie. Volgens hom wil hy bloot toesien dat daar geregtigheid is vir die drie spelers wat alleen gestraf is. Volgens die amptelike ondersoek het Smith, as destydse kaptein, en Warner, die onderkaptein glo die komplot beplan, en hulle is gevolglik vir 12 maande geskors, terwyl Bancroft vir nege maande geskors is. Die voormalige hoofafrigter, Darren Lehmann, het bedank en die voorval het wydverspreide kritiek en ’n herbesinning oor die span se kultuur tot gevolg gehad.

Lehmann en verskeie krieketontleders het die tydsberekening van die boek bevraagteken en beweer dat Khawaja dit gebruik om boekverkope te stimuleer.

Ondanks die nuwe bewerings en die hernieude openbare druk, het KA aangedui dat hulle nie van plan is om die 2018-ondersoek te heropen nie.

Intussen het Cummins aangedui dat hy op hierdie bewerings sal reageer, maar teen druktyd het hy nog geen kommentaar gelewer nie. **S**



Formule Een gaan voort in Midde-Ooste

Die organiseerders van Formule Een is steeds van plan om die laaste twee wedrenne van die 2026-seisoen in die Midde-Ooste aan te bied, nadat die sperdatum om een van die wedrenne na Italië te verskuif, verstryk het.

Die historiese Imola-renbaan in Italië is as 'n alternatiewe opsie gereed gehou indien veiligheidsrisiko's sou beteken dat die Katar- en Abu Dhabi-wedrenne nie volgens die oorspronklike beplanning kon plaasvind nie.

F1-amptenare het aan die organiseerders by Imola bevestig dat die baan nie aan die einde van die seisoen benodig sal word nie. Dit dui daarop dat die sport se bestuurders steeds beplan om die laaste twee byeenkomste soos geskeduleer aan te bied.

Die twee laaste wedren van die jaar sal van 27 tot 29 November in Katar plaasvind, waarna die Abu Dhabi-wedren vanaf 4 tot 6 Desember sal volg. Hierdie streek was vanjaar in die nuus weens voortslepende konflik, en die organiseerders van Formule Een moes reeds in April die Bahrain- en Saoedi-Arabiese wedrenne kanselleer weens geopolitieke spanning. Die F1-president, Stefano Domenicali, het deur die loop van die seisoen volgehou dat die laaste wedrenne op hul oorspronklike plekke sal plaasvind, tensy die situasie in die Midde-Ooste verder versleg. **S**



